

## 2 Oktober - SALIG

### Skrif- en Fokusgedeelte: Matteus 5:3-12

“O, dis salig om my voete hoog te kan hou na 'n harde dag se verpleging.”

Of: “Dis salig om in 'n warm bad te ontspan.” Dis hoe ons praat.

Dit klink of Christus die woord *salig*, of *geseënd* (Grieks, *makarios*) agterstevoor gebruik. Hy noem mense salig wat minder gelukkige dinge beleef. In sy koninkryk is mense salig – nie terwyl hulle ontspan nie. Hulle kry *swaar*. Hulle treur en word vervolg. Hulle is die sagmoediges en die barmhartiges – nie die belangrikstes nie.

Waar Jesus en ander Bybelskrywers van *salig* praat, is salig-wees meer as 'n lekker bad water of 'n gerieflike rus- of woonplek.

Jy is geseënd as jy aan die koninkryk van God behoort. Kinders van God wat rein leef, barmhartig en regverdig is en die beginsels van God se koninkryk toepas, gaan selde gewild by die wêreld wees. Hulle sal ook nie altyd gerief hê nie. Hulle leef egter 'n verlose lewe in sy volle omvang – nie net 'n kortstondige salige gevoel nie.

Jesus herstel jou volle menswees – liggaamlik en geestelik. Toe Hy die besetene van Gadara genees het (Mark 5:1-20), het Hy die man nie net van sy sonde verlos en sy verstand verander nie, maar sy hele leefwyse verander. Hy raak ten volle geklee en tree daarna normaal op in sy samelewing.

Petrus sê ook in Handeling 4 :12 dat verlossing ons lewens fisies en geestelik verander. Petrus en Johannes het die verlamde man by Mooipoort genees. Wanneer hy dan oor die wonder praat, sê hy dat daar geen ander Naam is waardeur ons verlos moet word as Jesus nie.

Saligheid in Christus is nie in die eerste plek liggaamlike genesing of gemak nie, maar dit behels volle burgerskap van sy koninkryk. Dit verander jou hele lewensbestaan, selfs al word jy beproef.

Saligheid is toegang tot die koninkryk van God. Dit oortref enige aardse vreugde of geluk. Dit gee jou 'n lewensvisie wat selfs die betekenis van beproewings verander.

*Sing Skrifberyming 11-3:5, 7 en 8*

*Ds KAJ van Rensburg (Paarl)*